Die Afrikaner
sedert 1970
R15
Bedryfskoste per eksemplaar
admin@hnp.org.za
Tel. 079 752 4898
Nr 2254 9 Mei 2025

# Afrikanerdorpe in die spervuur




Die reeds bekende Afrikanerdorpe, Orania in die Noord-Kaap en Kleinfontein, oos van Pretoria, het die afgelope tyd die teikens geword van aanslae van ekstremistiese swart groepe.

Beide dorpe is al deur Jacob Zuma se MK-party besoek. Dié twee besoeke was wel vreedsaam, maar die EFF onder leiding van Carl Niehaus het 'n optog na Kleinfontein gehou, terwyl die EFF ook 'n optog na die premier van die Noord-Kaap se kantoor gehou het om te eis dat "Orania se status hersien moet word". Hulle eis dat Orania ontbind moet word en sonder vergoeding onteien moet word. Hulle rassistiese kleure het duidelik geblyk toe hulle gesing het "Down with the whiteness, down".

Die optog na Kleinfontein het gepaard gegaan met saakbeskadiging, nadat van die EFF-barbare die letters op die ingangsmuur, "Ons God", afgeruk en beskadig het, en hulle het die hele roete na Kleinfontein besoedel met rommel wat daar gelaat is. Inwoners van Kleinfontein het na die vertrek van die EFF, gewapend met swart sakke die barbaarse rommelstrooiers se gemors gaan optel, in 'n duidelike demonstrasie van die verskil tussen morsige barbaarsheid en ordelike beskawing.

Een van die EFF-skreeuers, het verwys na Jan van Riebeeck wat in 1913 dinge verander het, en sy was ook nie bewus daarvan dat Kleinfontein absoluut selfversorgend is nie, en het haar onkunde wêreldkundig gemaak deur te sê dat Kleinfontein gratis dienste van "Tshwane" kry.

Die optog was maar 'n redelik eensydige oefening. Slegs enkele verteenwoordigers van Kleinfontein het

*(Vervolg op bladsy 7)*





Die Redakteur......

# ANC se rewolusie versnel, met hulp

Een term wat deesdae min gehoor word, maar des te meer uitgevoer word, is "Nasionaal Demokratiese Revolusie" of die NDR.

Hierdie NDR is die werkswyse om uitvoer te gee aan die "*Freedom Charter*", wat in wese die ANC, EFF en MK-party se "bybel" is.

Die ANC het in verlede jaar se verkiesing sterk steun verloor, wat hom genoop het om 'n koalisieregering te vorm. Die skrif is dus vir hom aan die muur dat hy besig is om beheer te verloor.

Die ANC-geleide veelparty koalisieregering wat na die verkiesing tot stand gekom het, is, soos ons al voorheen uitgewys het, 'n strategiese slim set van Cyril Ramaphosa om die opposisie te kniehalter en sy slaankrag as opposisie te neutraliseer. Daar word deesdae al hoe meer stemme gehoor vanuit senior ANC-geledere, dat die DA eintlik nie in die regering hoort nie, aangesien hulle nie beide deel van die regering kan wees en dan ook nog opposisie wees nie.

Interessant genoeg word die VF Plus, na die oorname van dr. Corné Mulder as leier, nie in dieselfde verband genoem nie, en versterk ons vermoede wat ons al voorheen uitgespreek het, dat Mulder en die ANC deesdae op betreklik goeie voet verkeer. Kenmerkend is ook dat van die aksies van die DA teen die ANC, nie werklik openlik deur die VF Plus ondersteun word nie.

Tydens die hele begrotingsdebakel, waar die eerste begrotingsrede nie plaasgevind het nie, en die beleidsraamwerk daarna wel deurgevoer is met behulp van ander partye, het dit duidelik geword dat die ANC beslis geen betroubare vennoot in 'n koalisieregering is nie. Die feit dat daar wel agteraf gesprekke was tussen die ANC en die EFF, asook tussen ANC-lede en MK-lede, is 'n bewys daarvan. Dit is ook 'n bewys dat dié drie partye ideologies nie ver van mekaar af staan nie. BTW is nie 'n ideologiese verskil nie, maar wel 'n operasionele verskil. Die feit dat ons ook gekant was teen die verhoging van BTW of enige ander belasting, maak nie van ons EFF of MK-ondersteuners nie.

Al drie dié partye staan steeds op die *Freedom Charter* en ondersteun die NDR. Dit is ideologiese ooreenkomste. Die verskille tussen dié partye, is die persoonlikhede. Aan die begin van Jacob Zuma se termyn as president van die ANC en die land in 2009, was Julius Malema nog lid en jeugleier van die ANC. Omdat Malema aspirasies gehad het, en met sy universitêre kwalifikasies meer geleerd en charismaties was as Zuma, het Zuma hom uitgewerk uit die ANC, omdat Malema vir hom 'n bedreiging geword het. Malema het die EFF eers in 2013 gestig.

Cyril Ramaphosa het in die daaropvolgende jaar, 2014, adjunkpresident van die land geword, en omdat hy dus 'n Zuma-man was, was hy ook in Malema se visier.

Toe Ramaphosa president van die ANC geword het, het hy Zuma uit die presidentskap gestoot, voordat Zuma se termyn verstryk het. Daarmee het Ramaphosa homself 'n lewenslange vyand van Zuma gemaak, en vandaar dat Zuma sy eie politieke party gestig het: net soos Malema nie om ideologiese rede nie, maar om persoonlike redes. Die dag as Ramaphosa en Zuma beide nie meer polities aktief sou wees nie, is 'n vereniging van dié drie partye waarskynlik 'n voldonge feit, en sal die gesamentlike steun dan weer naby aan 'n tweederde meerderheid uitkom.

Intussen doen die ANC steeds net wat hulle wil en maak of hulle alleen die regering uitmaak. En hulle koalisievennote laat dit sowaar toe!

Ons sien tans 'n ongekende toename in aanvalle op die blanke landsburgers, en dan ook in besonder op die Afrikaners. Die artikel 235-klousule in die grondwet wat regte van minderhede sou moet erken, is 'n klug. Die ANC stoomroller voort: die Bela-wet word onderteken, die Nasionale Gesondheidsversekering gaan ingestel word al kan geen regdenkende mens sien hoe dit kan gebeur nie. Die Onteieningswet word goedgekeur, waarin voorsiening gemaak word vir onteiening sonder vergoeding, met ander woorde flagrante gewettigde diefstal! Die polisie is korrup en onbekwaam, maar sekuriteitsmaatskappye word ontwapen. Maar die opposisie wil hof toe gaan oor 0,5% verhoging in BTW!?

Intussen word onmenslike teikens in arbeidswetgewing gestel vir maatskappye met meer as 50 werknemers, sodat Blankes veral, afgedank sou moet word sodat Swartes hulle plekke kan inneem. Die sterkste reaksie kom van Helen Zille van die DA wat sê die DA gaan nie na die ANC se pype dans oor dié venynig rassistiese wet nie. Maar intussen dans hulle wel lekker saam oor die ander sake!

Die sogenaamde Operasie Vulindlela wat die ANC lei, is gemik daarop om die hele samelewing te "transformeer". Ramaphosa het aangekondig dat hierdie operasie nou gaan werk om die struktuur van Suid-Afrikaanse stede te verander. "Ruimtelike apartheid" moet nou verdwyn, is sy woorde, en daar kan

*(Vervolg op bladsy 17)*

# Afrikaans 100 jaar Afrikanertaal!

Dit is hierdie week 100 jaar gelede dat Afrikaans amptelik as landstaal erken is.

Waar daar in die verlede weggeskram is van Afrikaans deur elke moontlike vyand van die Afrikaner, spring nou alles wat leef en beef op die wa en maak aansprake op hulle bydrae tot die taal.

Hierdie debat kom egter nie van vandag af nie.



Reeds in 1905 het die taaldebat kop uitgesteek, en een van die vegters van daardie tyd, was dr. O'kulis as voorvegter vir die Afrikaanse taal.

Wie was dr. O'kulis?

Dit was die skuilnaam van ds. Willem Postma, wat die jongste seun was van dr. Dirk Postma, wat beskou word as die vader van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika.

Dr. O'kulis is op 15 Maart 1874 op Burgersdorp gebore, het daar skoolgegaan en ook sy predikantsopleiding daar ontvang. In 1905 het hy in Bloemfontein beland en het kort stukkies begin skryf vir *De Vriend des Volks*, die Nederlandstalige afdeling van die koerant, die *Vriend*. Hy het veral artikels oor die Afrikaanse taal geskryf, wat beskou word as die begin van die Vrystaatse Taalbeweging. "Dis my 'n eer en 'n behoefte van my hart om die pen voor die taal van my moeder op te neem, ja, om desnoods daarvoor te stry," skryf hy.

Met gegronde argumente toon hy dat Afrikaans 'n eie bestaansreg het, al verskil dit van Nederlands, want Afrikaans het saam met die volk tot iets selfstandigs ontwikkel. Hier wys hy dus duidelik op die verband tussen die taal en die volk: Afrikaans as taal van die Afrikanervolk. Met liefde oortuig hy sy lesers van die deugdelikheid van Afrikaans, wen hy hulle simpatie en belangstelling, en voorspel hy al twintig jaar tevore dat Afrikaans nog een van die offisiële tale van Suid-Afrika sal word.

Op 14 November 1905 lê dr. O'kulis die sweep van die pen in toe hy skryf: "Als ons net onszelf wil wees in onze taal en gewoontes, zou ons iets beteken. Maar ons wil nou altyd iemand anders wees, daarom doen ons niks. Ander mense bewonder onze taal en ou gewoontes, onze natuurlikheid en gastvryheid. Ons verbeel ons dat ons juis 'n ander taal moet praat, ander gewoontes moet aanwen, zo onnatturlik mogelik wees, en zo bot als maar kan. Hoe lang zal ons Afrikaners nog so verspot wees?"

In PJ Nienaber se boek, *Dr O'kulis se Oogdruppels vir Nasionale Siektes* (Van Schaik, 1973), word op bl. 19 aandag gegee aan reaksie van iemand wat sekere stellings in die *Vriend* kwytgeraak het.

Die Afrikaner sou graag hierdie stuk uit die boek woordeliks wil oorneem, maar het op senior regsadvies besluit om maar die destydse spreektaal effens te verbloem, deur maar net te verwys na K..... as daar ooglopend na die swart bevolking verwys word. Die advies wat ons gekry het, is dat die direkte aanhaling ons waarskynlik nie in konfrontasie met die Menseregtekommissie sou kon bring, of genoeg rede sou kon wees om ons onder normale omstandighede voor die Gelykheidshof te kon daag nie, maar met die verpolitisering van die regbank, wat deur die ANC-bewind aangewys word, is dit geen gegewe meer nie, en daarom speel ons dus "veilig".

Ons haal Nienaber aan: "Iemand het in die *Vriend* geskrywe dat Afrikaans 'n mengelmoes is van Hollands, Hottentots en K.....taal, en daarom moes dr. O'kulis hom 'n bietjie inlig oor die saak (28 Sept. 1906)."

Dan word dr. O'kulis aangehaal: "Het onze vrind nog nie kennis gemaak met 'n paar van onze jongste taalkenners wat oor onze taal geskrywe het nie? Daar was vanmelewe 'n praatjie dat Afrikaans


## Die Afrikaner

admin@hnp.org.za Tel.: 079 752 4898



**Redakteur:** Mnr. Henk van de Graaf vandegraafhenk@gmail.com

**Medewerkers:** Mnr. Andries Breytenbach, Mnr. Hermanus van der Schyff, Mnr. Rudolf Buitendach, Mnr. Meinhard Peters, Mev. Alet Murray, Dr. Gideon Grobler

**Uitleg en tegniese versorging:** Mev. Juanita Powroznik

kombuis-Hollands is, maar dis al ‘n verslete ou schoen, wat al weggegooi is. Ik wil dan ook graag onze vrind uitdaag om my twintig woorde in Afrikaans te noem, wat ons van K...... en Boesmans oorgeneem het. Ik wil hom vraag om met die beste taalkenners in die land my drie regels van gezonde taalontwikkeling te noem, waar onze taal te kort schiet. Nee man, dink eers weer om die spreekwoord: ‘Dis ‘n slegte vogel wat sy eige nes...’”

Dan striem hy die mense wat so teen hul eie taal is: “Daar is net twee soorte mense wat tege is op hulle eie taal. Die eerste soort het met die grootste gesukkel n bietjie Hollands opgedoen, en hulle is nou net vies om die biekie weer na te laat uit vrees dat die mense zal denk hulle het niks geleer nie. Wel, ik neem hulle dit nie kwalik nie. Maar dan moet hulle nou ook nie optree als taalkenners nie en zulke breë uitsprake maak nie.

“Die ander soort is van die hooggeleerde mense, wat bang is hulle zal nie met die geleerdes kan meetel als hulle Afrikaans openlik durf voorstaan. Of hulle is mense wat deur hulle betrekking gebonde is om anders te zeh als hulle meen.

“Hoogmoed is die kwaad van altwee. En dit is die mense wat nog remschoem aanzet. Maar een ding weet ik: Afrikaans het hom nog nooit laat rem nie, nie van geleerdes of ongeleerdes nie. Afrikaans leef net zoals die Afrikaanse volk, hulle altwee groei onder druk en miskenning, maar groei des te zekerder.” In vandag se terme sou dr. O’kulis net kon gesê het dat dit die sogenaamde politieke korrektes is wat so optree, en dit is dan ook die geval met die debat oor die oorsprong van die taal vandag. Omdat Afrikaans “inklusief” moet wees, moet enige argument aan die hare bygesleep moet word om status aan daardie “inklusiwiteit” te probeer gee – iets wat al in 1905/6 vals bewys is.

Op ‘n verwyt dat die taalbeweging so stil te werk gaan, sê dr. O’kulis dat dit nie die koei is wat die hardste bulk wat die meeste melk gee nie, en ‘n boom wat groei maak geen geraas nie. Maar hy wys op besliste vordering. “Tot *‘Ons Land’*, die grootste Kaapse koerant, neem nou al Afrikaanse stukke op, en dit alles deur die invloed van voorstanders van die beweging. Dan zien ons nou oral Afrikaanse Debatsverenigings, waar Afrikaans die offisiele taal is. Afrikaanse liedere wordt vierstemmig gezing, Afrikaanse toneelstukke word opgevoer. Dis alles Afrikaans, nie alleen in letter nie, maar ook in gees.” Nog ‘n verwysing na die verband tussen taal en volk, stel hy as volg: “Verder weet ons dat ons die steun het hier en ooral van onze beroemdste voormanne en grootste taalgeleerdes, wat nou openlik hulle goedkeuring heg aan onze beweging. Ons werk heeltemal in stilte, tog die zaak groei by die dag aan. Wat my van meer waarde is, is dat vele mense onder ons volk, nou ook al begin inzien dat Afrikaans nie ‘n mengelmoes is van alle mogelike tale nie, maar wel een van die zuiwerste, vloeiendste en maklikste tale.”

*(In volgende uitgawes sal ons nog van dr. O’kulis se Oogdruppels vir Nasionale Siektes bespreek.* ***Red.****)*

---


**Moeg vir die stad en sy gejaag?**

Breek weg vir ’n naweek, middeweek of vakansie by




# Voorbegin Bosveldverblyf

Ongeveer 25km vanaf Warmbad, onder die pragtige Waterberge. Beleef die rustigheid van die pragtige Bosveld in ons volledig toegeruste selfsorg chalét, waar kleinwild hulle amper op jou braaiplek tuismaak, en waar ons die lekker Bosveldhout en tuisgebakte beskuit boonop gratis voorsien.

Prys: R799 per nag vir die hele Chalét (maksimum 4 persone).

**(Pensionarisse en lesers van *Die Afrikaner* kry spesiale afslag!)**

Skakel ons by 076 563 3800 of bespreek by **vandegraafhenk@gmail.com** of besoek ons op Facebook.

# VADERLANDSGEDIGTE (1)

**Dolf Buitendach**

Afrikaanse digters wat 'n bydrae tot ons volksgevoel gelewer het, het veral begin ontstaan na ons vryheidsoorloë maar het ook sterk na vore gekom weens die taalstryd vir Afrikaans. Die volgende reeks gedigte word aan die laasgenoemde tydperk gewy.

Onder Engelse oorheersing moes Afrikaans verdwyn en daar was 'n stadium waar die skole verengels is en selfs opgedring was in die Afrikaanse kerke.

Die Genootskap van Regte Afrikaners, wat op 14 Augustus 1875 in die Paarl gestig is in die tydperk toe Engels aan die Afrikaner opgedring is as die enigste amptelike taal met Nederlands as die skryftaal en Afrikaans as die spreektaal het die volgende gedig as verset gekom onder die spottende opskrif, "Vooruitgang" deur CP Hoogenhout:

**Vooruitgang**

Engels! Engels! Alles Engels! Engels wat jy sien en hoor;
In ons skole, in ons kerke word ons moedertaal vermoor.
Ag, hoe word ons volk verbaster; daartoe werk ons leraars saam;
Hollands nog in sekere skole – is bedrog, 'n blote naam!
Wie hom nie laat anglisere, word geskolde en gesmaad;
Tot in Vrystaat en Transvaal al, oweral dieselfde kwaad.
"Dis vooruitgang!" roep die skreeuers, "Dis beskawing wat nou kom!"
Die wat dit nie wil gelowe, die is ouderwets en dom.
Wie daarteen durf getuige, is 'n Patriotsrebel,
Word verag, gevloek, belaster en beswadder van die hel …
En ons volk wat slaap bevange, droom van vrede, is gerus;
Word hul wakker, 't duur nie lank nie, netnou is hul weer gesus,
Mooie woorde holle klanke, vrome praatjies geen gebrek;
Dié wat van gevaar durf prate, dié verklaar hul stapelgek,
Dié voor taal en oude sede in die bres spring, is 'n dwaas;
"Leer maar Engels, dit maak salig!" skreeu hul uit met groot geraas;
"Hollands sal vanself wel kome, Afrikaans is *Hotnotstaal*!"
En die skole van die heertjies moet ons bowenop betaal!
Skole, waar ons seuns en dogters word verbaster, en geleer,
*English History, English Grammer*, net so veul jou hart begeer,
En ons kerke, deur ons vaders van hul sweet en bloed gebou,
Daarin word geheel onnodig *English sermons* uitgebrou …
Koud word vrinde en betrekkings, Oom en Neef is nou Meneer;
Tante en Nig is Miss en Mrs, alles koud nes winterweer,
Selfs ons kinders, as hul weer kom van die skole, ag hoe koud!
Hoog van oog, vol selfverbeelding, stug en styf as stukke hout,
*English novels, English journals*, daarmee word die tyd verkwis,
En so menig arme ouer weet nie dat daar gif in is …
Dan die modes; al die klere, strikkies, lintjies, wat niet al!
En die huisraad moet verander wat nou Susan nie beval,
Pa is wyn- of vee- of graanboer, maar syn dogter is beskaam
As sy daar soms na gevraag word – boer is tog so 'n lage naam! …
En wat Afrikaans of Hollands praat en as syn taal begeer,
Dié is dwaas, 'n arme sukkel, vreeslik dom en ongeleer!
En as hy van reg durf praat, word eenvoudig dit geseg:
*"Jou rumoer- en oproermaker*, weet jy dan nie *Mag is Reg*?

Daar is nogal heelwat in die gedig wat ons aan die toestand herinner wat tans teen die Afrikaner gevoer word. Die pogings tot die vernietiging van 'n volk se kultuur en taal is nie nuut nie; ook nie dat 'n gedeelte van ons volk steeds aan die slaap gesus word soos in die voorafgaande gedig uitgewys word nie. Die digter verwys na die "gif" wat ons kinders ingegee word en ook hieraan kan ons gerus meer aandag gee.

# Afrikaanse Idiome (8)

Ons vra verskoning dat ons in die vorige uitgawe die vyfde deel herhaal het, maar in hierdie uitgawe word dan die agtste deel van mev. Lulu Steenkamp, onderleier van die HNP, se gereelde Afrikaanse idiome geplaas, as een van Die Afrikaner se bydraes om die 100-jarige erkenning van die Afrikaanse taal as amptelike landstaal. Die ander bydrae is die reeks oor die volksdigters, wat deur mnr. Dolf Buitendach hanteer word en elders in hierdie uitgawe verskyn.

Hierdie week is dit presies honderd jaar gelede dat die Afrikaanse taal amptelike erkenning gekry het. Instansies soos die ATKV, doen hulle bes om dit "'n inklusiewe taal" te maak, en tydens 'n onderhoud op RSG, is daar selfs geïnsinueer dat Afrikaans uit Arabies sou ontstaan het en alhoewel nie in soveel woorde gesê is nie, dit daarop neerkom dat dit 'n Moslem-taal is.

Gaan lees gerus CP Hoogenhout se gedig oor Engels in mnr. Dolf Buitendach se rubriek elders in hierdie uitgawe, waar daardie gedig presies die huidige toestand beskryf.

Afrikaans was en is die taal van die Afrikaner, maar die afgelope dekades is ander Afrikaanses ook daarby betrek. Deesdae word daar in linkse kringe gepraat van "Kaapse Afrikaans" en ander variëteite van die taal, sodat dit 'n "inklusiewe" taal kan wees.

Afrikaans bly egter die taal van die Afrikaner, alhoewel nie-Afrikaners dit ook kan gebruik, net soos Duits die taal van die Duitsers is, maar Oostenrykers gebruik dit ook, en dieselfde beginsel geld die Engelse taal.

Mev. Lulu Steenkamp, het in die taal gaan delf en agtergekom dat baie Afrikaners, veral die jeug, nie meer vertroud is met die kleurrykheid van die taal nie, en nie meer weet wat van die beskrywende gesegdes of idiome beteken nie.

Mev. Steenkamp gaan in hierdie uitgawe voort om tien gesegdes te plaas, en voordat lesers na die antwoorde of beskrywings gaan kyk, sal dit dalk goed wees om eers te besin of hulle die gesegdes ken of kan onthou.

1) Daar is 'n knoop in die draad.
2) Dis nie die koei wat die hardste bulk wat die meeste melk gee nie.
3) Die koek het in die as geval.
4) Iemand se kop tussen sy ore sit.
5) Lawaaiwater.
6) Hy het baie letters geëet.
7) 'n Vlieg het oor sy lewer geloop.
8) Hy lieg of dit geskryf staan.
9) Vir die maan blaf.
10) Martjie Louw.

<u>Verduideliking:</u>

1) Daar is moeilikheid; teleurstelling *(There is a rift in the lute)*.
2) Die luidrugtige persoon doen gewoonlik nie veel nie *(It is not the hen that cackles most that lays the biggest egg)*.
3) Dit is 'n mislukking *(It is a failure).*
4) Hom op sy plek sit *(To put someone in his place)*.
5) Sterk drank; 'n luidrugtige mens *(Spirits; a noisy person)*.
6) Hy is baie geleerd *(He is a man of letters)*.
7) Hy is in n slegte bui *(To be in a bad mood)*.
8) Die onwaarhede baie goed agtermekaar sit *(To be a great liar)*.
9) Iets tevergeefs doen *(To cry for the moon).*
10) Krygswet *(Martial Law).*

## Afrikanerdorpe

*(Van bladsy 1)*

die petalje gadegeslaan, terwyl die inwoners van Kleinfontein hulle nie verwerdig het om eers na die betoging te gaan kyk nie, en het met hulle daaglikse werk aangegaan asof niks gebeur het nie. Die konfrontasie waarop Niehaus en sy EFF-rooipette gehoop het, het tot hulle frustrasie nie plaasgevind nie.

'n Inwoner van Kleinfontein en voormalige president van die Verkennersbeweging, mnr. Ben Geldenhuys, het sy waarneming van die gebeure so op Kleinfontein se Facebook-blad gedeel:

"Rooi Oorpakke, Gebreekte Borde, en die Bouers van Kleinfontein."

"Vandag is Kleinfontein nie besoek deur bure nie, maar deur 'n rooi storm. Sowat 'n duisend EFF-lede het op ons dorp toegesak — nie met vredesaanbiedinge nie, maar met 'n mobiele verhoog en 'n ingestudeerde koor van haat. Een spreker na die ander het die mikrofoon opgetel, en die boodskap was eenparig: 'Skiet die Boer.'

"Ons het geluister. Nie omdat ons bang was nie, maar omdat ons selfbeheersing het. Omdat ons mense is wat glo dat jy moet weet wie jou vyand is en hoe hy dink. Hulle het in 'n koor gesing, hul rooi oorpakke soos strydvlae in die wind. Jy moet hulle krediet gee: die koreografie was netjies, die boodskap duidelik — geweld wat voorgee om geregtigheid te wees, haat wat as bevryding verkoop word. "Hulle het opgedaag met styl. 'n Mobiele verhoog, luidsprekers, bypassende uniforms. 'n Mens sou dink dit is 'n musiekfees, as die lirieke nie so deurdrenk was van bloedlus nie. En ek kan nie help om te wonder nie — wie het daarvoor betaal? Was dit dalk met die geld wat verdwyn het saam met VBS se val? Geld vir die armes, nou omskep in klanktoerusting wat haat oor dorpe blêr?

"Terwyl hulle gesing het vir ons dood, het ons paaie reggemaak. Terwyl hulle ons borde afgebreek het, het ons klippe gepak. Terwyl hulle gif spuit deur mikrofone, het ons grawe vasgehou. En toe hulle uiteindelik padgee — moontlik moeg gesing aan hul eie venyn — het ons skoon gemaak. Want dis wat ons doen.

"Ons het nie blink uniforms nie. Ons het nie luidsprekers nie. Ons het modder aan ons stewels, eelte aan ons hande, en kinders wat ons leer om te bou, nie om te brand nie. Ons skree nie in strate vir bloed nie. Ons plant, ons bou, ons herstel.

"Hulle sê ons is die vyand. Dat ons bestaan 'n misdaad is. Maar hier's die waarheid: as 'n pad bou rebellie is, is ons skuldig. As 'n besem vashou verset is, is ons in oorlog. As liefde vir ons erfenis, ons gesinne, en ons geloof ons die skurke maak —dan sal ons daardie rol met trots speel.

"Laat hulle hul rooi oorpakke dra. Miskien is dit nie net klere nie. Miskien is dit 'n kostuum — een wat die slegste in hulle na vore bring. Of dalk was die haat daar lank voor die klere.

"Maar ons bly.

"Ons bly, want ons bou. Ons bly, want ons dien. Ons bly, want hierdie grond is nie net waar ons woon nie — dit is wie ons is.

"En wanneer die lawaai stil raak en die laaste rommel opgetel is, wat bly oor?

"'n Sterker pad. 'n Hegter gemeenskap. En 'n volk wat nooit sal buig voor vrees nie."


# "Sy doodkry was (nog steeds) nie"





'n Stel van **8 DVD's** (ook op 'n geheuestokkie) oor die politieke ontwikkeling oor die afgelope 50 jaar en die rol van die HNP om die oorgawe aan die ANC te probeer keer. Die vertellings word gestaaf deur unieke foto- en lewendige video-materiaal uit dié era.

**R800 per stel van 8 DVD's (netjies verpak) of 'n geheuestokkie.**

# Woord en wêreld

## Dié Bybelse strategie vir effektiewe bediening



***Deur Dr. Gideon Grobler***

**Skrifgedeelte:** Markus 1:14-20 14: *En nadat Johannes oorgelewer was, het Jesus in Galiléa gekom en die evangelie van die koninkryk van God verkondig* 15 *en gesê: Die tyd is vervul en die koninkryk van God het naby gekom; bekeer julle en glo die evangelie.* 16 *En terwyl Hy langs die see van Galiléa loop, sien Hy Simon en Andréas, sy broer, besig om 'n net in die see uit te gooi; want hulle was vissers.* 17 *En Jesus sê vir hulle: Kom agter My aan, en Ek sal maak dat julle vissers van mense word.* 18 *En dadelik het hulle hul nette laat staan en Hom gevolg.* 19 *En toe Hy daarvandaan 'n bietjie verder gaan, sien Hy Jakobus, die seun van Sebedéüs, en Johannes, sy broer, wat besig was om die nette in die skuit heel te maak.* 20 *En dadelik het Hy hulle geroep, en hulle het hul vader Sebedéüs met die gehuurde mense in die skuit laat staan en Hom gevolg.*

**Oordenking**:

Let gerus op na die gebruik van die woord: *dadelik*. Net in hoofstuk een, gebruik Markus die woord "dadelik" elf keer van vyf en tagtig keer wat die woord in die hele Nuwe Testament voorkom.

Hierdie dringendheid om aan te toon dat Jesus die Seun van God is, dat Hy regeer, is waarskynlik die rede hoekom Markus as't ware oor die eerste ses maande van Jesus se bediening spring. Hy skryf niks daarvan, soos die ander evangelies wél doen nie.

Vers 14 sê, Jesus het in Galilea gekom om daar te kom preek. Galilea was die noordelikste deel van die land Israel. 'n Minder ontwikkelde deel, daardie tyd.

Ons moet nou net ons geheue verfris met die vorige gedeelte waar Christus deur die Satan versoek is in die woestyn. Daar het Jesus getoon dat Hy die Koning is. Toe Hy uit die water opgekom het by die doop, het sy Vader met 'n hoorbare stem gesê dat dit sy Seun is in wie Hy 'n welbehae het. Direk daarna toon Jesus dat Hy inderdaad Koning is en oor die sonde heers deur al die versoekinge te weerstaan!

Hier het ons die eerste van drie eienskappe wat die Woord ons leer oor effektiewe bediening van die Woord. Soos Christus oor die sonde geheers het, in Sy bediening, moet elkeen doen wat in die bediening staan. Natuurlik kan geen mens dit doen soos Christus dit gedoen het nie, maar die beginsel staan dat die bedienaars van die Woord 'n voorbeeld moet wees van 'n rein lewe voor God. Effektiewe bediening beteken dat die wat in Sy diens staan, moet héérs oor die versoekinge in hul lewe!

Die tweede eienskap van effektiewe bediening is dat by die eenvoud van die Woord gebly word. 14 *"En nadat Johannes oorgelewer was, het Jesus in Galiléa gekom en die evangelie van die koninkryk van God verkondig* 15 *en gesê: Die tyd is vervul en die koninkryk van God het naby gekom; bekeer julle en glo die evangelie."*

…Die tyd is vervul en die koninkryk van God het naby gekom; bekeer julle en glo die evangelie.

Christus bied vir wie hom bekeer en die persoon en werk van Jesus Christus glo, 'n plek in die ewige Koninkryk! Eenvoudig, bekeer jou en glo in die persoon en werk van Christus, en jy sal gered word!

Die evangelie is die goeie nuus dat God die sondaar, wat hom bekéér en glo in die lewe en werk van Christus se sonde vergewe! Van daardie oomblik af staan daardie sondaar nou nie meer in vyandskap/oorlog met God nie, maar in vrede!

'n Godsman het eendag gesê: God het net één Seun gehad, Jesus, en Hy het net één metode gehad, **preek van die evangelie!** Prediking is die een metode wat God gebruik. Rom. 10:14 "Hoe kan hulle Hom dan aanroep in wie hulle nie geglo het nie? En hoe kan hulle in Hom glo van wie hulle nie gehoor het nie? En hoe kan hulle hoor sonder een wat preek? 15 En hoe kan hulle preek as hulle nie gestuur word nie? Soos geskrywe is: Hoe lieflik is die voete van die wat die evangelie van vrede verkondig, van die wat die evangelie van die goeie verkondig!"

En tog is daar in ons dae massas wat nie kerk toe gaan nie. Hulle reken die feit dat hulle bid voor ete en soms hul Bybel lees, voer die opdrag van die Here uit!

Die wêreldbekende sendeling, Albert Schweitzer, het aan die einde van sy lewe geskryf: "Drié geslagte, van toegewyde gelowiges tot heidene. Pa en ma is die toegewyde gelowiges, gaan kerk toe, élke Sondag, hou huisgodsdiens, sien toe dat die kinders, en hulself persoonlike aanbidding tyd het. Daardie kinders begin om, eers dan en wan, later al meer Sondae se kerk oor te slaan. Die handige ekstra tyd vir hul eie belange, maak hul gou gewoond daaraan en word kerk toe gaan al minder. Meesal is daar geen huisgodsdiens

nie en word sleg voor etes, meesal uit gewoonte gebid. Hulle kinders kry Albert Schweitzer in die sendingveld."

Ek is nie Albert Schweitzer nie, maar in my nederige bediening en sending werk oor die afgelope 18 jaar, het ek hierdie verskynsel oor en oor gesien!

Ons is te lig in die broek vir die Satan. Jy gaan nie die Satan aan 'n kettinkie rondlei soos 'n hond nie. As ek en jy nie binne Christus is nie, is ons nie opgewasse teen die Satan nie! As ons nie 'n toegewyde geloofslewe ly nie, kan ons nie daarop reken dat ons in Christus is nie, en gaan jy die pad volg waarin Satan vreugde het!

Wat kan meer basies wees. Redding is in die boodskap van die evangelie van God. Die evangelie boodskap wat oor Jesus Christus se lewe en werk gaan, kom van God!

Wanneer jy dus 'n prediker is, herhaal jy nét die Woord van God, jy voeg geen sielkunde of filosofiese of wat ook al daaraan toe nie! Nét die Woord van God, geen menslike slimmigheid of boodskappe en metodes waardeur mense beïndruk wil word nie! Geen vermaaklikheid nie, net die Woord van God. Eenvoudig!

Presies dit is wat ons sien in Openbaring. Die gemeente van Sardis, in die taal van ons dag, 'n herlewingsgemeente. Hulle sê van hulself: Openb. 3:1 *"En skryf aan die engel van die gemeente in Sardis: Dít sê Hy wat die sewe Geeste van God en die sewe sterre het: Ek ken jou werke, dat jy die naam het dat jy leef en jy is dood."*

Net ná hulle, kom die gemeentetjie van Filadelfia aan die beurt. Klein, niksseggend in die oë van die groot gemeentes. Van hulle sê die Here: Openb. 3:8 "Ek ken jou werke. Kyk, Ek het voor jou 'n geopende deur gegee, en niemand kan dit sluit nie, want jy het min krag en jy het my woord bewaar en my Naam nie verloën nie." Filadelfia, omdat jy by die eenvoud van My boodskap gebly het...

Die eerste van die drie sake van belang oor effektiewe bediening is 'n rein lewe. Die tweede, die eenvoud van die boodskap en in die derde plek. Selektiwiteit van opvolgers en medewerkers.

Wie in God se diens mag staan, is nie 'n menslike keuse nie! Ek haal weer vir u die Skrif aan. Rom. 10:15 *"En hoe kan hulle preek as hulle nie gestuur word nie?"* Ons lees in Markus verse 16-18: *"En terwyl Hy langs die see van Galiléa loop, sien Hy Simon en Andréas, sy broer, besig om 'n net in die see uit te gooi; want hulle was vissers.* 17 *En Jesus sê vir hulle: Kom agter My aan, en Ek sal maak dat julle vissers van mense word.* 18 *En dadelik het hulle hul nette laat staan en Hom gevolg."*

God is nie net in beheer van die sondige wêreld nie, maar ook van sondaars. Hy kies sondige mense wat Hy bekwaam en toegerus maak om vir Hom te werk. In hul sondige aard, is daar die wat aan die sondige wêreld toegee en dan die koers verlaat. Paulus skryf aan Timotheus: (2Tim. 4:10) *"Want Demas het my verlaat, omdat hy die teenwoordige wêreld liefgekry het, en het na Thessaloníka vertrek, Crescens na Galásië, Titus na Dalmásië."*

Om in die bediening, om in die amp te staan, is 'n roeping van God! Daarom 'n baie ongelukkige saak dat kerke hiervan afwyk en poste adverteer asof dit 'n besigheid is.

Volgens die Evangelie van Johannes (1:35-42) het die vier manne wat Christus geroep het, Jesus reeds geken en geglo dat Hy die Messias is wat in die Ou Testament belowe is. Hulle was daar toe Jesus gedoop is!

Jesus kom maande later terug na hulle, Hy ken reeds hul geloof en roep hulle om Hom te volg.

Ons lees in vers: 19: *"En toe Hy daarvandaan 'n bietjie verder gaan, sien Hy Jakobus, die seun van Sebedéüs, en Johannes, sy broer, wat besig was om die nette in die skuit heel te maak."*

Hulle was in dieselfde bedryf, hulle maak hul nette reg sodat hul weer kan visvang. Om die waarheid te sê, Jakobus en Johannes, die seun van Sebedeus, was saam met hul pa in hierdie besigheid van visvang, verkoop en selfs uitvoer na naburige lande. Andreas en Simon (Petrus) was saam met hulle in dieselfde besigheid, dieselfde "maatskappy" as jy wil, ons leer dit later in die evangelies. Hierdie mense was nie maar nét nie. Hulle was mense van aansien, minstens in hulle bedryf. Hulle was deel van 'n suksesvolle besigheid en bekende persoonlikhede. Ons lees byvoorbeeld dat Johannes baie bekend was aan die hoëpriester. Ons weet nie hoe nie, maar hy was selfs aan die hoëpriester bekend.

As Jesus hulle roep, beteken dit dat hulle hul suksesvolle loopbane, hulle alles moet prysgee, om agter Hom aan te gaan. So sien ons ook later in Markus 8 wat die eise van dissipelskap is. Jy moet alles los en agter Jesus aangaan.

Met die hand kies Christus hierdie manne uit! Val dit u op dat Hy nie vroue ook gekies het nie?

Christus gebruik mense, sóndaars wat Hy omvorm om in sy bediening te staan. Vir effektiewe bediening het jy dus mense nodig wat heers oor die sonde in hul lewens, suiwer by die eenvoudige boodskap bly en deur God self geroep word tot die werk/amp!

**Gebed:** *Hemel Vader, ons bid dat elke bedienaar van die Woord by hierdie eenvoudige bedieningsplan sal bly. .*

**AMEN**

# Vanaf die lessenaar van die Hoofsekretaris

**Hermanus van der Schyff**

Ons gaan in hierdie uitgawe verder om uittreksels uit mnr. Jaap Marais se toespraak te hanteer. Hy sê verder die volgende:

"Daar is die probleem van etniese botsing wat nie weggeraak het as gevolg van die 'miracle' van 1994 nie. Die oorlog tussen die Zoeloes en Xhosas woed al van voor Jan van Riebeeck af. Dit sal nie weggaan nie. Die Blanke se weerstand gaan toeneem. Daar's geen twyfel daaraan nie. Hierdie opflikkering rondom die inhegtenisname van genl. Magnus Malan-hulle is reeds 'n vroeë flits daarvan. "Dr. Jan du Plessis het nou die dag geskryf dat die Suid-Afrikaanse staat net in naam bestaan. Die regering neem wette aan en hulle neem besluite. Maar hulle het nie die vermoë om dit deur te voer nie. Hy sê dit is soos 'n inploffing: die struktuur buiteom staan, maar binnekant het dinge inmekaar gestort, soos byvoorbeeld die Ouditeur-Generaal reeds aangedui het: die staatsdiens stuur af op 'n ineenstorting. Hoe lank kan 'n staat bestuur word op hierdie manier?

"So neem aan: oor die mediumtermyn is hier klaar ingeboude faktore wat gaan ingryp in dié toedrag van sake. En dit gaan net daarvan afhang of die Afrikaners hulleself in hul gemoed voorberei het en organisatories ingelig is om uit sekere omstandighede voordeel te trek.

"Oor die langtermyn sal die staatsbestel wat geskep is, inmekaar stort. Lees maar die les van Afrika en Sentraal-Europa. En dit moet u op die hart gedruk word: Hierdie bestel sál inmekaar stort, en wanneer so 'n bestel inmekaar stort, gaan dit gepaard met geweld. Dis onvermydelik. En as die Afrikaners nie georganiseerd is nie, sal hulle die prooi van geweldenaars wees. As daar een rede is waarom ons moet sorg dat ons uit hierdie toestand van gedisorganiseerdheid moet losbreek, is dit antisipasie van die ineenstorting van hierdie bestel."

As ons die afgelope 31 jaar se geskiedenis bekyk, sal ons sien hoe reg mnr. Jaap Marais was.

In 1994 het Nelson Mandela president geword en hy is deur al wat nuusblad, radio en televisie opgehemel as die groot vredemaker. Hy is wêreldwyd as 'n held ontvang. Die staatsdiens en ander staatsinstellings het nog goed gefunksioneer. Nie omdat Mandela 'n goeie bestuurder was nie, maar omdat die instellings nog meestal deur Blankes bedryf en bestuur is. Teen 1996 is daar begin om blanke personeel uit hulle poste te stel en met Swartes te vervang. Daar het die verval sy begin gehad. Massa Blankes was sonder werk en moes hard soek om ander werk te kry. Hoe langer die ANC regeer het, hoe meer wetgewings is ingestel om werk vir Blankes te beperk ( BBEEE).

Na Mandela uitgetree het, het dit al slegter begin gaan. Die "transformasie" van die staatsinstellings het net meer Blankes uitgewerk. Korrupsie, blote diefstal en staatskaping het plaasgevind. Daar is ook meer swart partye gestig om mag en geld vir hulleself te verkry. Die EFF is nie so streng op stamgroepe gevestig nie, maar meer op geweldenaars gevestig. Die MKP van Zuma word weer streng deur veral Zoeloes ondersteun omdat hy 'n Zoeloe is. Onder veral Zuma het korrupsie, diefstal en staatskaping ernstig toegeneem. Instellings soos hospitale, klinieke, skole, Denel, SAL, Evkom, Spoorweë, watervoorsiening, instandhouding van paaie en nog ander gevalle het ook tot niet gegaan.

Dan word die Blankes beskuldig dat die Swartes onderdruk was en daar nie na hulle behoeftes omgesien is nie. Maar die blanke regering het hospitale, universiteite, klinieke, skole en huise vir die Swartes gebou. Wat hulle nie verstaan nie is, hoe meer jy word hoe meer behoeftes is daar vir geriewe. In 1972 was daar 18 miljoen inwoners in die land. Nou is daar nader aan die 70 miljoen. Dus is dit logies dat meer geriewe gebou moet word. Maar korrupsie laat soveel geld verdwyn dat die land te bankrot is om iets op te rig.

Bestuur het so verval dat die minister van finansies op 21 Mei 2025 sy derde begroting in die parlement moet voorlê omdat die ander deur ander partye verwerp is.

Spanning is ook besig om al ernstiger te word. Praat met u vriende en familie en u sal hoor hoe ongelukkig hulle met die toestand in die land is.

Wat verhoed het dat die Afrikaners 'n sterk groep buite die ANC en parlement kon opbou, was die sogenaamde VF Plus wat vir 'n tuisland sou veg. Nou het hulle hul grondwet so gewysig dat dit nie meer 'n doelstelling is nie en het hulle ook persone van ander rasse in hul party opgeneem.

Die HNP bevestig dat die HNP by sy beginsels sal staan en nie aan 'n terroristiese stemming sal deelneem nie. Ons sal poog om met groepe wat soos ons voel oor die toekoms te gesels en veral veiligheid te bespreek.

Die tye lyk sleg, maar in geloof en volharding, sal ons weer ons vryheid herwin. ■

# Willem Etsebeth se verhaal van arrestasie, vernedering en marteling

*(Willem Etsebeth was in 1990 deel van die AWB se generale staf – 'n posisie wat hy trouens nou nog beklee. In daardie tyd het die FW de Klerk-bewind genadeloos toegeslaan op regse versetstryders, en hulle aan die onmenslikheid van die veiligheidspolisie oorgelaat. Hierdie is Willem se verhaal van sy arrestasie en wat daarmee gepaard gegaan het.* ***Red****.)*

**Inleiding**

Die Boerevolk hier aan die suidpunt van Afrika het al baie aanslae verduur. Aanslae teen ons vryheid en teen ons voortbestaan. 'n Fisiese oorlog is twee maal gevoer teen die wêreldmag van die tyd: Groot Brittanje. 'n Politieke oorlog is gevoer deur die heersende regering. Alles, om hierdie volkie van sy herkoms en sy fondament te vervreem.

Maar met sy roer oor sy skouer en sy Bybel in die wakis, wapper die Vierkleur en word "Die Stem" versie vir versie uit die volksmond gehoor, en word die God van Bloedrivier steeds as enigste Verlosser erken.

**Arrestasie**

Op versoek plaas ek my ondervinding onder Art. 29(4), (Die wet op binnelandse veiligheid.) Geïnisieer deur John Vorster was die wet bedoel om kommunisme te bestry. Maar toe word dié wet ook toegepas op regsdenkende Blankes. Ek is aangehou in selle, sommiges net 3 meter by 3 meter groot, sonder 'n Bybel of ander leesstof; sonder kontak met my familie. Hulle het nie geweet of ek nog lewe of dalk al dood is nie.

Op 5 Oktober 1990 (*dus 8 maande en 3 dae na FW de Klerk se berugte Rooi Vrydag-toespraak, waartydens hy kennis gegee het dat die ANC en SAKP ontban word en dat alle terroriste uit die tronke vrygelaat gaan word...!* ***Red.****)*, halfvyf die oggend, word daar oorverdowend aan my voordeur gehamer. 'n Stem roep: "Maak oop! Jy is onder arres!" Dit is die stem van die majoor van die veiligheidspolisie. Toe ek oopmaak sien ek dat talle polisielede my huis omsingel, elkeen gewapen met 'n R4-aanvalsgeweer. Ook sien ek dat hulle hul gewere op my vrou en seuntjie van sewe jaar rig.

My huis word van hoek tot kant deursoek. Die wasmasjien, yskas en stoof word binnekant en buitekant bevoel en bekyk, klere word uit die kaste geruk en net so op die vloer gelos. Wat ek nooit sal vergeet nie, is my seuntjie wat voor my kom staan, my in die oë kyk en vra: "Gaan Pappa nou tronk toe?" En ek: "Ja my seun, Pappa gaan tronk toe."

Toe ek uitgeneem word, is daar 'n lang ry polisiemotors en 'n Casper pantservoertuig om hierdie Boer te kom arresteer! So groot was die vrees vir die regse weerstand in Suid Afrika! Toe sien ek my buurman en medestryder is ook gearresteer en sit geboeid in die motor. Dus was dié yslike konvooi ontplooi om twéé Boere te arresteer! Wat ons nie geweet het nie was dat ons die eerste blankes was wat onder Art 29(4) gearresteer is.

**Aanhouding**

Die konvooi neem ons twee van Bloemfontein af na die John Vorster polisiestasie in Johannesburg. Daar word ons in eensame aanhouding toegesluit. Die hel het begin. Die sel se lig was dag en nag aangeskakel. Toiletgeriewe was 'n stinkende toilet in die sel. Drie dae verloop voor die seldeur die eerste keer oopgesluit word.

Ek word geboeid na 'n kantoor geneem waar my eindelose ondervraging begin. Drie ure lank word ek konstant deur drie beamptes ondervra. Ek besef toe dat hulle reeds oor inligting beskik wat as basis vir die ondervraging gebruik word. Die beste wat hul uit my kry is: "Ek weet nie". Hulle neem my terug met die woorde: "Nou kan jy in die sel opvrot".

Ek besef dat ek uit hierdie wurggreep van eensame opsluiting moet wegkom. Maar hoe? My sel is op die vierde verdieping, en ek het geen gereedskap om die tralies van die venstertjie af te saag nie. Al wat oorbly is 'n hongerstaking. Ek begin daarmee, maar kry eers agt dae later 'n besoek. Teen daardie tyd het die pap al gemuf. Hulle dreig my dat hul die pap in my keel sal afdruk. Ek gee nie bes nie.

Die polisie vra my om dan 'n verklaring aan die landdros voor te lê. Die landdros self verseker my dat net hy en die hofbeamptes insae in my verklaring sal hê.

Ek stem in, maar vertrou nie wat hul sê nie. Die verklaring wat ek opstel beskryf my grootwordjare in ‘n Christelike, regsgesinde huis. Ek bespreek die invloed van so ‘n opvoeding in my latere lewe. Op pad terug na John Vorster polisiestasie vloek die polisieman my oor die twak wat ek geskryf het (hy het ‘n sterker woord gebruik!). My vermoede was dus reg, die landdros se versekering dat net hy dit onder oë sou hê, was ‘n infame leuen.

Maar die ondervraging duur voort. By ‘n latere ondervraging probeer hulle my uitlok: “Wat van ‘n bietjie *Russians en chips*?” Ek weier. “Nou wat sal jou weer laat eet?” vra hulle.

“Neem my terug Bloemfontein toe, daar sal ek weer eet," antwoord ek.

Toe neem hulle my na ‘n dokter in Johannesburg toe, maar ek moet eers belowe dat ek nie my hongerstaking sal noem nie. Die dokter ondersoek my deeglik. Hy doen bloedtoetse. En hy weier dat ek vervoer word omdat daar níks in my maag is nie, omdat ek tydens die rit kan sterf. Daarop het die polisie hom ingelig van my hongerstaking en na ‘n lang gesprek met my sê hy dat as ek ‘n groot beker soet, swart koffie drink sal hy die rit Bloemfontein toe magtig. Ek stem in op voorwaarde dat my medegevangene saamgaan. Daarmee is die beamptes tevrede.

Die volgende dag, weer in ‘n konvooi, is ons terug na Bloemfontein. Die plaaslike veiligheidspolisie neem oor en ons word in die Bainsvlei polisiestasie opgesluit, weer in eensame aanhouding. Ek geniet ‘n bord gekookte kos, mét ‘n mes en ‘n vurk in plaas van ‘n paplepel. My hongerstaking was verby, en die houvas wat ek op hulle gehad het, ook daarmee heen.

Ek word deeglik ingelig dat Art. 29(4) bepaal dat ‘n gevangene ses maande lank in eensame aanhouding aangehou mag word, en dat slegs die handtekening van ‘n kolonel of hoër offisier nodig is om ‘n verdere ses maande termyn te magtig.

My SAP hanteerder in Bloemfontein is ‘n sersant, ‘n g(G?)odlose dronklap sonder enige genade. Op ‘n dag dreig hy: of ek verskaf die inligting wat hul soek, of hy arresteer my vrou as medepligtige en hy smyt my kind in ‘n weeshuis. Hy het alreeds my werkgewer beveel om my sonder enige betaling te skors! Hy ondervra my nie verder nie. Ek bly in eensame aanhouding. Marteling op marteling.

In my alleenheid begin ek die Here verwyt: “Vader, ons is dan besig om ons Volk se verhouding met U in stand te hou, om die Volk teen vervreemding te beskerm! U laat my nou in die steek!" Egter, enkele dae daarna, ontvang ek ‘n kaartjie met die bekende gedig: “Voetspore". Die spore in die sand is God s’n, hy dra my! Die ontvangs van die kaartjie was ‘n wonderwerk: pos aan gevangenes was nie toegelaat nie. Ek het op die sel se vloer gaan lê en huil en om vergifnis gesmeek. En toe ervaar ek hoe my krag terugkeer.

Op ‘n dag neem die sersant polisiehonde na Botshabello, net buitekant Bloemfontein, en hy neem my saam. Op pad daarheen begin ek met hom praat. Ek wys hom daarop dat hy verraad teen God se volk pleeg. Hy skree op my: “Julle ou klomp regses met julle alewige f....n Bybel!

Op ‘n ander dag word ek die oggend met ‘n helikopter Upington toe geneem. Daar aangekom kry ek ‘n heerlike sny koue soutvleis. En later is ek dors. Toe ek water wil drink is die krane kurkdroog. Sonder water, in Upington se Desemberhitte! Onmiddellik weet ek dat dit so deur hulle beplan is. Ek gaan lê dadelik op die koel betonvloer om my teen ontwatering te beskerm. Drié dae later sluit hulle die sel oop: “Wil jy vir ons iets sê?," vra die offisier. My antwoord: “Draai maar julle krane oop. Julle plan het nie gewerk nie."

Op hierdie stadium het die Nasionale Party vrywaring aan die ANC gevangenes toegestaan. Die VVO het bevind dat Art. 29(4) neerkom op mense marteling. En, toe kom goeie nuus: Regse leiers kon toe, en het toe, aangedring op amnestie vir die regse politieke gevangenes. Op 12 Desember 1990, om 12 uur die middag word ek voor my huis vrygelaat! Ek kon weer my vrou en my kind in my arms vasdruk. Al die eer aan Jesus, ons Verlosser!

Na ons vrylating het ons gehoor dat talle Boervroue onbevrees opgeruk het na Wachthuis, die hoofsetel van die polisie in Pretoria. Hulle het geëis om die kommissaris te sien om ‘n versoekskrif aan hom te oorhandig. Hulle eis die onmiddellike vrylating van hul eggenotes. Die lafhartige kommissaris het ‘n ander offisier gestuur om die versoekskrif van die kwaai protesterende vroue te ontvang. ‘n Paar dae later word die vroue en kinders toe toegelaat om ons vir ‘n rukkie te sien, om seker te maak dat ons nog leef.

Die geskiedenis herhaal homself. Met die rebellie 1914 het die Boervolk teen sy eie regering onder Jan Smuts en Louis Botha opgestaan. Nou het ons weer eens teen ons eie regering, FW de Klerk, Pik Botha en Kie opgestaan. In 1914 het Jopie Fourie sy lewe verloor. Nou het Niek Fourie vir dieselfde stryd, sy lewe gegee.

Maar, met die roer oor die skouer, en die Bybel in die wakis, sál ons oorwin! ■




## Druk af en kom uit

**Sarel** sien dat die arrogansie van ‘n klompie ministers in die ANC-geleide veelparty-koalisieregering, loop ongestraf erg oor.

Neem nou maar die minister met omtrent die hele alfabet in haar naam *(**Sarel** neem geen aanspreeklikheid vir enige spelfoute as hy haar naam skryf nie!)*, Nomakhosazana Meth, wat die titel van minister van werkskepping en arbeid dra.

Dit titel is op sigself misleidend. **Sarel** weet nog nie van enige noemenswaardige werk wat sy geskep het nie, inteendeel, werkloosheid neem toe.

Sy het in die parlement heel arrogant verklaar dat “transformasie sal afgedwing word in die kele van diegene wat in die apartheidsera die meeste voordeel getrek het”.

Wel, wel. Dis ‘n hele mond vol vir iemand wat iets ongevraagd in iemand anders se keel wil afdruk.

Op een van die sosiale mediagroepe is haar opmerkings nogal heel skerpsinnig ontvang. “Dan moet sy maar eers die Westerse oogwimpers, grimering, klere en skoene uittrek. Hoe kan sy sukses met die dubbel standaarde verwag?” was die een kommentaar.  Waarop iemand anders antwoord: “Sommer ophou KFC eet ook: uintjies en marog!”

**Sarel** kan die Afrikaners se humor in die donkerste ure waardeer.

*• Maar **Sarel** wil tog die minister met die lang naam ‘n vaderlike waarskuwing gee. Sien, as jy iemand iets in die keel wil afdwing, is daar gewoonlik ‘n reaksie. **Sarel** onthou dit nog van die dae toe sy kinders klein was en nie blomkool wou eet nie. “Maak ook jou mond, jy SAL dit eet,” en dan kom die vliegtuigie-lepel na die oop mond en daar gaan die blomkool, netjies in die keel af gedwing. Net sodat die reaksie kort daarna volg: een groot gemors, alles vuil en smerig, want enige forsering in die keel af het nare nagevolge. Dit sal met die minister se politieke vliegtuig-lepeltjie dieselfde braaksel afgee.*

---

## Uitnodiging na Bestuurskongres

**Sarel** het die volgende uitnodiging op sosiale media raakgelees, en omdat dit dus ‘n ope dokument is, plaas **Sarel** dit netso, <u>sonder enige redigering</u>:

“Elke konserwatiewe Boere Afrikaner organisasie wat in Selfbeskikking glo, word hiermee uitgenooi na n Nasionale Boere Afrikaner Bestuurs Kongres.

“Vir kwalifikasie moet sodanige organisasie 3 lede uit sy geledere aanwys en moet die organisasie met sy drie lede se name, amptelik registreer vir hierdie algemene Boere Afrikaner Nasionale Bestuurs Kongres by die epos adres admin.avf@tabokgroup.co.za. NB met die registrasie kan sodanige organisasie maksimum twee (2) besprekingspunte aanbeveel vir plasing op die agenda.

“Die tyd en plek vir die hierdie Kongres sal aangekondig word na konsensus met al die geregistreerde organisasies.

“Hierdie Kongres word gereel en bestuur deur die Afrikaner Volksfront NPC en sal die AVF as voorsitter en gasheer optree. Ons sal ook terugvoer gee aan die teenwoordiges oor die stand van die Tabok Trust/Afrikaner Akkoord hofsaak sowel as die rede en werksaamhede van die AVF NPC.

“Elke organisasie sal n kort geleentheid kry om sy werksaamhede bekend te stel.

“Die doel van hierdie Kongres is om die Boere Afrikaner as Volk n geleentheid te gee om homself te orden en plek te maak vir n Nasionale Boere Afrikaner lede Kongres as opvolg waar daar amptelik 'n Boere Afrikaner Leier en bestuur verkies sal word.

“DIE AVF BEHOU DIE ABSOLUTE REG VOOR VAN TOELATING TOT HIERDIE KONGRES.

“Hierdie Kongres is uitsluitlik vir organisasies wat onwrikbaar glo in Selfbeskikking met verwerping van die sogenaamde Afrikaner Verklaring van 2024 gelei deur Theuns Elof.

“Die opstellers en ondertekenaars van die sogenaamde Afrikaner verklaring van 2024 tree op sonder enige verkose mandaat en met belange wat bots met elke ander organisasie wat Selfbeskikking in n Volkstaat voorstaan.

“Op las van en namens die bestuur van die Afrikaner Volksfront NPC.

“Louis Smuts  -  Direkteur AVF NPC.

---

## Afrikaanses praat met ANC

Daar was ‘n gesprek gerapporteer in Netwerk24 van 7 Mei dat die PAC ‘n gesprek tussen ‘n groep Afrikaanses, insluitende Theuns Eloff en lede van Afri-Forum, Solidariteit en dr. Theo de Jager se Saai, en die ANC bewerkstellig het.

Daarna het Eloff en die ANC gesamentlik 'n verklaring uitgereik dat die gesprek "eerlik en robuust" was.

Luidens die berig het die partye het ook onderneem om na Suid-Afrikaanse oplossings "in belang van 'n diverse en verenigde nasie" te soek.

**Sarel** het maar die term Afrikaanses gebruik, want laas wat hy gesien het was Theuns maar effe skrikkerig om 'n Afrikaner te wees.

Dit is tog interessant dat juis die PAC, van die "One Settler, One Bullet"-faam, die vredemakers tussen Afrikaanses en die ANC wil wees, en dat die deelnemers aan die gesprek hulle dit laat welgeval.

Maar sommer dadelik is daar weer teenkanting. Die Afrikaanse afvaardiging was klaarblyklik te wit, en die bruin gemeenskap voel daarom dat dit geen verteenwoordigende gesprek was nie.

Christo van der Rheede, oud-baas van Agri SA, wat deesdae hoof van die FW de Klerk-Stigting is en vir Theuns Eloff daar opgevolg het, sê dit gaan sy verstand te bowe dat die "groter Afrikaanse gemeenskap" uitgesluit is.

"Die tyd is ryp om 'n alternatiewe en inklusiewe Afrikaner-beweging te begin bestaande uit alle Afrikaanssprekendes, ongeag hul etniese agtergrond," sê van der Rheede.

*• Nou ja, sulke verwarring begin kop uitsteek as mens te bang is om sterk skeidslyne te trek of definisies behoorlik te bewoord. Die Afrikaner is blank, afkomstig van die Wes-Europese volke se mense wat hulle aan die Suidpunt van Afrika gevestig het met hulle Bybels-Christelike begronding en waardes, en waaruit hulle ook 'n eie, unieke taal ontwikkel het, wat inderdaad deur nie-Afrikaners ook gebruik word. Maar daar was 'n tyd dat die ander bevolkingsgroepe nie aan die Afrikaner of sy naam gekoppel wou wees nie. Toe het hulle (gelukkig) vir hulself 'n nuwe naam gekies, naamlik AfrikaanSES. Selfs sekere mense wat kwalifiseer om Afrikaners te wees, was toe skielik ook AfrikaanSES. En nou wil nie-kwalifiserende AfrikaanSES ook skielik Afrikaners word. Skynbaar doen ons ware Afrikaners iets reg wat hulle nou ook wil hê...*

---


## Afrikaans 100

Met die herdenking van Afrikaans 100, kom die volgende staaltjie by **Sarel** uit oor eksamen vrae en antwoorde:

1. Waarvoor word beesvelle gebruik?
   Om die bees binne te hou.
2. Wat is die verlede tyd van eet?
   Honger
3. Wat is die verkleinwoord van oupa?
   Kleinseun
4. Wat is die doel van die kies- en oogtande?
   Die kiestande kou die kos en die oogtande kyk dat hulle die werk goed doen.
5. Voltooi die Idioom: Hoe meer haas....?
   Hoe groter is die haaspastei.
6. Wat is die meervoud van kabeljou?
   Kabeljulle
7. Maak 'n sin met "ter aarde bestel"
   Wie ter aarde bestel so 'n groot koek.
8. Vertaal in Afrikaans: "I beg you pardon"
   Huh?
9. Wat noem ons iemand wat velle looi?
   'n Onderwyser.


---

## Ontwikkeling en Aftakeling




*• Kommentaar oorbodig!*

# Buiteland



## Rusland hou parade




Die einde van die Tweede Wêreldoorlog is in Europa wyd en syd gevier, met Rusland wat 'n militêre parade in Moskou gehou het.

Onder die genooides wat die viering van die oorwinning op Duitsland tagtig jaar gelede in Moskou bygewoon, was ook drie Europese leiers. Veral die teenwoordigheid van die premier van EU-lidstaat Slowakye, Robert Fico, en die president van kandidaat-lidstaat Serwië, Aleksandar Vucic, ondermyn die gewaande Europese eenheid. Beide het 'n goeie verhouding met Poetin, tot groot ontevredenheid van Brussel. EU-Kommissievoorsitter, Ursula von der Leyen, en die hoof van EU buiteland, Kaja Kallas, het vroeër aan dié leiers laat weet dat 'n reis na Moskou vir die viering "ongewens" sou wees. 'n Derde Europese gas trek minder aandag: Milorad Dodik, leier van die Serwiese Republiek in Bosnië en Herzegovina. Ook hy is bevriend met Poetin.

"Die waarheid en geregtigheid staan aan ons kant," was die Russiese president, Vladimir Poetin, se woorde in Moskou by die militêre parade.

Tydens sy toespraak het Poetin onderneem dat hy hom sal bly verset teen "nazïsme, Ruslandfobie en antisemitisme". Daarmee het hy skynbaar verwys na die oorlog in Oekraïne, wat hy meermale geregverdig het as 'n "stryd teen neo-nazisme". Hy het ook eksplisiet oor die oorlog gepraat en gesê dat die "hele land" nog steeds agter die inval van 2022 staan.

Poetin het verder nog uitgewy oor die militêre suksesse van die Russiese leër en die Geallieerdes tydens die Tweede Wêreldoorlog, en ook spesifiek na "die moedige volk van Sjina" verwys, skynbaar as 'n blyk van waardering aan die adres van die Chinese leier Xi Jinping, wat die geleentheid ook bygewoon het.

---

## Anti-Rusland Tribunaal bespreek

Terwyl Rusland 'n parade gehou het, het Oekraïne en verskeie Europese lande die oprigting van 'n tribunaal in die vooruitsig gestel wat Russiese leiers kan vervolg vir aggressie. Die betrokke state het dit eens oor die mandaat.

Die stap is nie toevallig op 9 Mei formeel aangekondig deur 'n kerngroep van Europese ministers van Buitenlandse Zaken in Weste van Oekraïne nie.

"Daar sal geen straffeloosheid wees nie", het die hoof van buiteland van die EU,  Kaja Kallas, gesê. Die tribunaal sal opgestel word deur die Raad van Europa en funksioneer naas die Internasionale Strafhof, wat al arrestasiebevele uitgevaardig het teen verskillende Russiese leiers, onder wie president Vladimir Poetin.

---

## Merz amper nie verkies nie

Friedrich Merz is tog verkies tot Duitse Bondskanselier, na 'n onverwagse neerlaag verlies in eerste ronde van stemming.

By 'n tweede stemming het die Bondsdag dan tog ingestem met die benoeming van Friedrich Merz as Bondskanselier. In die eerste ronde het hy nog ses stemme kort gekom, 'n eerste in die geskiedenis van die Duitse parlement.

Na sy eerste nederlaag het hy met sy koalisievennote gaan gesels om stemme te werf, en met sukses, want in die tweede rondte stem het 325 Duitse parlementslede hulle agter die leier van die Union (CDU/ CSU) geskaar, en hom daardeur 'n volstrekte meerderheid gegee. Merz het 316 stemme nodig gehad. Daarop aanvaar hy ook amptelik die pos van Bondskanselier.

Dit was die eerste keer in die parlementêre geskiedenis van Duitsland dat 'n kandidaat-Bond-

skanselier so ‘n verleentheid ervaar het. Merz het 316 stemme nodig gehad, maar toe het hy te min stemme gekort vir 'n meerderheid.

Die verkiesing tot Bondskanselier verloop deur 'n geheime stemming. Dit is dus nie dadelik duidelik waar Merz die so belangrike stemme verloor het nie. Was dit by die SPD, waar 'n deel van die party krities teenoor die regeerakkoord en regeringsdeelname staan wat bereik is, of in eie range van die Unie? Feit is dat binne hierdie twee partye teenstemme was, want terwyl 310 parlementslede vir Merz gekies het, het 307 teen hom gestem. Maar sonder die Unie en SPD het alle ander partye saam maar 302 stemme.

Merz het in koalisie gegaan met die SPD, wat juis deur die kiesers uitgestem is, en hy het geen lus gehad om eers te gesels met die tweede grootste party, die regse AfD nie. AfD het geëis dat na die nederlaag van Merz in die Bundesraad ‘n nuwe algemene verkiesing uitgeroep moet word – iets wat Merz ten alle koste wil verhoed, aangesien hy weet dat die kiesers hom gaan straf vir sy koalisievorming met die SPD, en dat dit AfD tot voordeel kan strek.

---

## AfD 'n "Ekstremistiese Organisasie"

Intussen het die AfD ander probleme en die Duitse regime beweeg al nader aan ‘n moontlike verbod op dié gewilde party.

Die Federale Kantoor vir die Beskerming van die Grondwet (BfV) het amptelik die Alternative für Deutschland (AfD) herklassifiseer as 'n "bevestigde regsgesinde ekstremistiese" organisasie. Die BfV is Duitsland se primêre binnelandse intelligensie-agentskap; dit is onderworpe aan die Ministerie van Binnelandse Sake en is onder andere getaak om die demokratiese respek van gewone Duitsers en hul politieke partye te polisieer. Die opgegradeerde AfD-klassifikasie word ondersteun deur 'n uitgebreide en totaal geheime 1 100-bladsy assessering van AfD-aktiwiteite en -oortuigings, wat BfV-ontleders sedert verlede jaar voorberei.

Almal het verwag dat die BfV dit sou doen. Veral vooraanstaande Sosiaal-Demokrate het die BfV maande lank aangespoor om hul nuwe assessering vry te stel. Hulle sien dit as 'n politieke regverdiging vir die inisiëring van verbodsprosedures teen die party. Dit is nou waarskynlik dat die nuwe CDU/SPD-regering, of die nuwe Bundestag, of albei, die Federale Konstitusionele Hof in Karlsruhe sal vra om 'n AfD-verbod te oorweeg. Hierdie nuwe assessering maak hoofsaaklik saak omdat dit die eerste konkrete stap in daardie rigting is.

Die enigste ding wat werklik verrassend is omtrent hierdie nuus, is die tydsberekening: almal het verwag dat die BfV sou wag totdat die CDU en die SPD 'n nuwe regering vorm en 'n nuwe minister van binnelandse sake aanstel. In plaas daarvan blyk dit dat die sittende minister van binnelandse sake, Nancy Faeser, hierdie assessering in die laaste vier dae van haar ampstermyn deurgevoer het. Dit, en nie AfD-peilingsyfers nie (soos sommige gespekuleer het), is die rede waarom dit nou gebeur. Terwyl die BfV-assessering enorme politieke belang dra, is die regsbetekenis daarvan nogal meer obskuur. Mees konkreet sal die BfV selfs groter vryheid geniet om toesig- en intelligensie-insamelingstaktieke teen die AfD te gebruik; andersins kan partylidmaatskap verhoogde ondersoek na staatsamptenare en Duitsers bring wat aansoek doen vir dinge soos wapenpermitte.

In hul persverklaring regverdig die BfV hul herklassifikasie deur te appelleer na "die ekstremistiese aard" van die AfD en "sy minagting vir menswaardigheid". Die sentrale politieke misdaad van die AfD en sy lede word beweer hul "heersende begrip van die Duitse volk" te wees as 'n groep "gedefinieer deur etniese afkoms" - 'n begrip wat hulle sê "onversoenbaar is met die vrye demokratiese basiese orde.

“[Die AfD] poog om sekere bevolkingsgroepe van gelyke deelname aan die samelewing uit te sluit, hulle aan ongrondwetlike ongelyke behandeling te onderwerp en hulle dus 'n wetlik minderwaardige status toe te ken. Spesifiek beskou die AfD nie Duitse burgers met 'n migrasie-agtergrond uit Moslemlande as gelyke lede van die Duitse volk soos deur die party op etniese gronde gedefinieer nie,” lui die BfV-verslag.

“Hierdie uitsluitende begrip van die Duitse volk is die beginpunt en ideologiese basis vir voortdurende agitasie teen sekere individue of groepe. Die party laster en verkleineer hierdie groepe oor die algemeen en wek irrasionele vrese oor hulle aan, wat hul verwerping aanmoedig. Dit is duidelik in die groot aantal voortdurende xenofobiese, anti-minderheids-, Islamofobiese en anti-Moslem-uitsprake wat deur leidende party-amptenare gemaak word. In die besonder bevorder die voortdurende agitasie teen vlugtelinge en immigrante, die verspreiding en verdieping van vooroordele, wrok en vrese teenoor sulke groepe. Die devaluering van die bogenoemde groepe is ook duidelik in die veralgemeende gebruik van terme soos 'mesmigrante' of in die algemene toeskrywing van 'n etno-kulturele geneigdheid tot geweld deur leidende lede van die AfD.”

Die BfV-assessering geheim, amptelik om die in-

telligensiebronne en -metodes wat die inhoud daarvan onderlê, te beskerm, maar sekerlik ook om BfV-argumentasie en -kriteria van openbare ondersoek te spaar. Die BfV is egter besig om belangrike bewysstukke aan die pers te lek, want soos alle intelligensie-agentskappe is hulle ook 'n publisiteitsoperasie, met 'n eksplisiete opdrag om veroordeling en stigma aan te wakker teen diegene wat verkeerd dink.

Onder andere haal die assessering na bewering hierdie regse opmerkings aan uit 'n toespraak op 11 Augustus 2024 deur Hannes Gnauck, wat in die federale uitvoerende komitee van die AfD dien:

"Ons moet ook weer eens toegelaat word om te besluit wie aan hierdie nasie behoort en wie nie. Daar is meer aan Duits wees as om bloot burgerskapsdokumente te besit. Ons almal hier op hierdie markplein is verbind deur veel meer as net 'n gemeenskaplike taal. Ons is verbind deur 'n onsigbare en eenvoudig onverklaarbare band. Elkeen van julle het meer met my in gemeen as enige Siriër of Afghaan, en ek hoef dit nie te verduidelik nie – dis bloot 'n natuurwet."

Die assessering sluit ook hierdie verklaring van 25 Augustus 2024 deur Dennis Hohloch, 'n AfD-personeellid in die Brandenburgse staatsparlement, in:

"Diversiteit beteken multikulturalisme. En wat beteken multikulturalisme? Multikulturalisme beteken 'n verlies aan tradisie, 'n verlies aan identiteit, 'n verlies aan vaderland, moord, doodslag, roof en groepsverkragting."

Op 'n stadium het 'n soortgelyke proses hom in Vlaandere uitgespeel teen die destydse Vlaams Blok (VB), wat 'n soortgelyke "vonnis" gekry het en toe sy naam na Vlaams Belang (VB) verander het, en nou sterker staan as ooit tevore.

---

## Kommentaar

*(Van bladsy 2)*

nie aangehou word om huise aan die buitewyke van stede en dorpe te bou nie. Dus, binnekort gaan openbare parke en ander "ongebruikte" grond, gebruik word om laekostebehuising op te rig, of om plakkerskampe daar toe te laat, en daarmee gaan eiendomspryse in die dorpe en stede ongekende tuimeling ervaar. Tot dusver swyg die "opposisie" (as daar nog so iets is...) in alle tale, terwyl dit deel is van die NDR.

Ramaphosa sê dat hy die Bela-wet en die Onteieningswet onderteken het, omdat dit in die vorige termyn, die sogenaamde Sesde Administrasie, goedgekeur en aanvaar is deur daardie parlement. En die stomme opposisie aanvaar daardie geklike argument!

As Donald Trump van Amerika hom moes hou by al die korrupte goed van die Biden-administrasie voor hom, kon hy niks verander het nie. Amerikaners het uiteindelik gestem teen die beleid en rigting van die Amerikaanse linkse Demokrate.

Netso het Suid-Afrikaners hulle stem uitgebring teen die ANC en sy beleid. Die meerderheid was dit dus duidelik nie eens met die beleid en rigting van die ANC nie, en wou verandering hê. Dit beteken dat die huidige regering nie gebind kan word aan die besluite van die Sesde, Derde of Eerste Administrasie nie. Solank dit geen wet is nie, kan dit verander word en behoort dit weer oop vir debat te wees.

Deurdat die koalisievennote in die ANC-geleide regering nie op daardie regte staan nie, help hulle die ANC van binne om sy NDR uit te voer.

Aan die buitekant word die ANC deur MK en EFF gehelp. Dit is juis hierdie klomp wat nou skielik belangstelling in Orania en Kleinfontein gekry het, en in Carl Niehaus se woorde eis: "Voertsek, Kleinfontein, voertsek!", terwyl die EFF in die Noord-Kaap eis dat Orania moet ontbind en die grond sonder vergoeding onteien moet word. Weer eens swyg die HELE regering eenparig daaroor. Die ANC wil nie hierdie eise repudieer nie, want dit ondersteun hulle NDR. Dit kom hulle in wese goed vanpas, want nou is dit nie die ANC wat die voortou neem in die aanslag op Afrikanerdorpe nie, maar EFF en MK. Op dié manier word die ANC se rewolusie ook van buite ondersteun.

Waar laat dit die Blankes en Afrikaners in die land?

TLU SA het dit in 'n onlangse verklaring nogal raak gevat: "Boere herstel self paaie. Hulle pomp hul eie water. Hulle leef agter tralies terwyl misdadigers vry rondloop. Die een kind is reeds oorsee, die ander een oorweeg dit. En steeds moet hulle by wet verduidelik hoekom hulle wíl aanhou boer.

"Terwyl politici hul salarisse verhoog en planne beraam vir nog regulasies, bou boere hul eie energieoplossings, patrolleer hul eie gronde en help hulle mekaar oorleef. Die vraag wat begin opklink, is nie meer: 'Wanneer gaan dinge regkom?' nie, maar eerder: 'Wie is verantwoordelik?'"

TLU SA sê hy merk 'n toename in navrae van boere, jong mense en families wat nie meer in die stelsel glo nie – en wat aktief begin soek na alternatiewe maniere om hul regte en toekoms te beskerm.

"Die regering se beleid rig direkte skade aan. Dit raak gesinne, produksie, voedselsekerheid en die algehele moraal van mense wat elke dag opstaan om te werk," sê mnr. Bennie van Zyl, TLU SA se hoofbestuurder. "Ons sit nie meer met 'n administratiewe probleem nie. Ons sit met 'n ideologiese aanval op die ruggraat van die land."

En dan bevestig hy in sy laaste sin wat ons hele betoog hierbo is: "Dis nie toevallig nie. Dis beleid."

***Die Afrikaner*** is bevoorreg om weer Sus Lettie se briewe aan Sus Katrien te kan plaas.

Alet Murray het hierdie briewe van 'n heelwat jonger Lettie aan 'n heelwat jonger Katrien geskryf vir ***Die Afrikaner*** in die vroeë tagtigerjare.

Almal het maar saam met die jare gestap, en Alet het ingewillig om die avonture van Lettie en Servaas weer op te tel waar hulle tans in 'n ouetehuis woon...




**Liewe sus Katrien,**

Toe die windjie Donderdag skraal om die hoeke fluit en nou en dan 'n vlagie misreën saamdra, het ons knus om ou Union no. 8 vergader terwyl Sienie se pot bonesop staan en prut langs die dansende, spoegende swart ketel. Breipenne en hekelpenne flits in die lig van die swaaiende daklamp, terwyl ons die afgelope week se gebeure opdiep en herkou.

Annaprof kuier vanoggend by ons, want haar hande is nog bitter dom met die wol en penne en geduldige Bettie help en bemoedig.

"Wat het daardie afvaardiging rêrig hier kom soek?" vra sy. "Hulle het in alles geloop en snuffel en nooit enige bydrae gelewer oor enige vorm van produktiwiteit deur ouer mense nie."

"Ek stem saam," sê Lina. "Hulle het behoorlik net geloop en snuffel. Dis maar goed die stoorkamer met die ketel was toegesluit anders kon hulle probleme gaan veroorsaak het."

"Oe daardie vrou se gesig toe oom Janneman kom sê het van die donkiebaba was 'n prentjie! Ek dog sy gaan neerval in 'n beswyming," sê Allegro." Ag en hy is die fraaiste ou dingetjie. Ons soek nog 'n naam vir hom." Sienie en Sarie begin om kommetjies met bonesop en bakoondbrood uit te deel. Natuurlik bring oom Janneman se kos-sintuig hom net betyds. Hy is vergesel van ou Boetie en Wilhelm wat sy hande loop en vryf en dan by die stofie gaan warm maak.

"Wat doen julle mans so fluks buite in die koue weer?" vra Heidie. "Dis mos weer vir binne wees rondom 'n stofie."

"Dis die aartappels. Ons moes die mandjies waarin hulle groei onder die skuur se dak kry, ek ruik ryp in die lug," sê Wilhelm. "Hierdie winter het vroeg gekom en hy gaan hard praat. Ai, hierdie bonesop is darem uit die boonste rakke."

"Wat brei jy so ywerig, Maria?" vra Bettie. "Dit lyk mos na iets aardigs?"

"Dis sommer sulke piepklein poppies wat ek brei, klein genoeg om in 'n roksak te pas. Wanneer ek truitjies verpak vir ons volkskinders in die plakkerskampe, sit ek 'n poppie by elke truitjie in. Sommer 'n klein maatjie vir die kleinding wat die truitjie kry. Ek het gelees van soldate wat sulke poppies in hulle uniformsakke dra en vir kinders in oorlogsgebiede uitdeel."

"Wat 'n oulike idee!" sê Annaprof. "Miskien moet ek vereers vergeet van groot artikels en ook hierdie poppies brei. Dit lyk maklik genoeg, dan maak ek een vir elk van die Glockenspiel-Buyse.

Terloops, ek hoor gerugte dat hulle wil terugkom Tweede Wind toe."

Kwarta sit regop. "O nee. Hulle gaan Kwadraat toe, dis julle naasteliefdes daardie. Ek hou nié weer skool nie!"

Ek hoop julle het ook warm sop.

Groete ook aan ou Swaer.

*Jou liefhebbende*
*Sus Lettie.*





# Die Afrikaner

sedert 1970

admin@hnp.org.za Tel. 079 752 4898

## Debietorderopdrag

Titel: Prof. Dr. Mnr. Mev. Mej.

Van en Voorletters: ____________________________________

Adres: ______________________________ Sel. ______________________________

______________________________ E-pos ______________________________

______________________________

Poskode: __________

ID Nr: __________________________ Datum: _______________

**AAN: *Die Afrikaner*, Posbus 18826, PRETORIA-NOORD, 0116.**

Geagte Meneer **MY OOREENKOMS: MAANDELIKSE BYDRAE**

Die besonderhede van my/ons* bankrekening is soos volg:

**BANK** ________________________________

**TAKNAAM EN DORP** ________________________________

**TAKNOMMER**: _______________ **REKENINGNOMMER**: ________________________

**TIPE REKENING**: **Tjek** **Transmissie** **Spaar**

**BEDRAG:** R _____________ ( ________________________________**Rand**) in woorde

Ek/Ons* versoek hiermee, “dra dit aan u op”, en magtig u om my/ons* rekening by bogenoemde bank (of ‘n ander bank of tak waarheen ek/ons* my/ons* rekening mag oorplaas) met bostaande bedrag te debiteer ten opsigte van bogenoemde ooreenkoms op die 1e 16e dag van elke maand met ingang ____________________. Alle sodanige onttrekkings uit my/ons* bankrekening deur u word behandel asof dit deur my/ons* persoonlik onderteken is.

Ek/Ons* stem toe om enige bankkoste met betrekking tot hierdie debietorderopdrag te betaal. Hierdie magtiging kan deur my/ons* gekanselleer word deur aan die HNP skriftelik dertig dae kennis te gee, maar ek/ons* verstaan dat ek/ons* nie op ‘n terugbetaling van bedrae geregtig is wat u onttrek het terwyl dié magtiging van krag was nie. Die ontvangs van hierdie opdrag deur u word as ontvangs daarvan deur my/ons* bank (soos die geval mag wees) geag.

Onderteken te ______________________ op hierdie ______ dag van _______________ 2024.

______________________________
HANDTEKENING

*Skrap wat nie van toepassing is nie

# Herstigte Nasionale Party

Tel 079 752 4898
e-pos: **hnpvansa@gmail.com**

# Aansoek om Lidmaatskap

Ek, die ondergetekende, verklaar hiermee plegtig dat die grondslag, doelstellings en beginsels van die Herstigte Nasionale Party ten volle onderskryf en my aan die grondwet onderwerp.

Titel: Prof | Dr | Mnr | Mev | Mej

Van en Voorletters: ____________________

Adres: ____________________________ Sel.no.: ________________________

____________________________ E-pos: ________________________

____________________________

Poskode: ________

ID No: _________________________________

Vaardigheid/Beroep: ______________________________

Ledegeld: ☐ (D/O)(R50 p/m)

Handtekening: ______________________ Datum: ________________

**Goedkeuring van Lidmaatskap**

**Datum van toelating:** _______________________ **Ledegeld betaal:** _____________

**(Get.) Werwer (HNP-lid):** ____________________________________________________

**Bankbesonderhede:**

**ABSA Tjek**rekening: 020770880 **Rekeningnaam**: Spitskopfonds **Verwysing**: U naam en van

*Kantoorgebruik:*

Datum waarop aansoek ontvang is: ______________ Lidnommer: ________________________

Datum waarop ledekaart aan lid gestuur is: _______________________